27.5 RAPPORT 5: DEPUTATE KERKGROEIBEDIENING – TOERUSTING AAN PREDIKANTE (Art 193)

27.5 REPORT 5: DEPUTIES CHURCH GROWTH MINISTERY – EQUIPMENT FOR MINISTERS (Art 193)

A. Dr G van Wyk stel die Rapport.
Dr G van Wyk tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag Acta 2018:1051, 3. 3. Dat die reël van soortgelyke geleenthede voortaan voortgesit word deur Expando. Die 'soortgelyke geleenthede' verwys na voortgesette toerusting van predikante vir hulle dienswerk. **Sake waarvan die Sinode kennis neem** Gedurende die eerste jare na 2018 het die toerusting van predikante het hoofsaaklik plaasgevind deur middel van nuusbriewe, toerustingsgeleenthede en die kerkgroeiwebblad (www.kerkgroei.co.za).	**1. Mandate** Acta 2018:1051, 3. 3. That the organization of similar events will continue from now on by Expando. The 'similar opportunities' refer to ongoing equipping of ministers for their ministry work. **Matters that the Synod takes note of** During the first years after 2018 the equipping of ministers took place mainly through newsletters, equipping events and the church growth website (www.kerkgroei.co.za).
1. Nuusbriewe Daar is 30 nuusbriewe tot op hede aan kerke gestuur wat toerusting oor 'n wye front behels. Die nuusbriewe is ook op die webblad van die Kerkgroeibediening beskikbaar. Sover moontlik is alle nuusbriewe in Afrikaans en Engels opgestel en alle predikante en/of gemeentes gestuur.	**1. Newsletters** There have been 30 newsletters sent to churches to date involving equipment on a wide front. The newsletters are also available on the website of the Church Growth Ministry. As far as possible, all newsletters were prepared in Afrikaans and English and sent to all pastors and/or congregations.
1.1 In Nuusbrief 1 is die boekie van Darrow Millar oor dienskneg-leierskap in Afrikaans en Engels aan die kerke beskikbaar gestel, asook 'n preekreeks van 8 preke deur dr Malan van Rhyn oor die onderwerp.	1.1 In Newsletter 1, the booklet by Darrow Millar on servant leadership in Afrikaans and English was made available to the churches, as well as a sermon series of 8 sermons by dr Malan van Rhyn on the subject.
1.2 In die tweede nuusbrief is die werksaamhede van die *Natural Church Development* aan die kerke beskikbaar gestel en 'n afslag prys, vir kerke wat die assessering wil laat doen, is beding. Expando ook die geleentheid aan vier kerke gebied om die assessering op Expando se koste te laat doen.	1.2 In the second newsletter, the activities of the Natural Church Development were made available to the churches, for churches that want to have the assessment done, and a discounted price was negotiated. Expando also offered the opportunity to four churches to have the assessment done at Expando's expense.
1.3 In Nuusbrief 3 is inligting wat deur ds Koos Venter oor kerkplanting saamgestel is, aan die kerke deurgegee.	1.3 In Newsletter 3, information provided by Rev. Koos Venter on church planting was compiled, passed on to the churches.

1.4 In Nuusbrief 4 is die artikel van dr Flip Buys, *STROME VAN LEWENDE WATER; Nuwe Testamentiese Perspektiewe op die Missionêre Karakter van die Kerk,* aan kerke beskikbaar gestel.	1.4 In Newsletter 4, the article by dr Flip Buys, STREAMS OF LIVING WATER; New Testament Perspectives on the Missionary Character of the Church, made available to churches.
1.5 Nuusbrief 5 het ‘n geleentheid gebied om deur middel van ‘n vraelys oor kontekstualisering in ‘n Afrika konteks by te dra tot ‘n PhD-studie oor die onderwerp.	1.5 Newsletter 5 offered an opportunity to contribute to a PhD study on the subject by means of a questionnaire on contextualization in an African context.
1.6 Die sesde nuusbrief het ‘n reeks van 10 preke oor kerkgroei deur dr Malan van Rhyn bevat.	1.6 The sixth newsletter contained a series of 10 sermons on church growth by dr Malan van Rhyn.
1.7 In die sewende nuusbrief is die Kategismusverklaring van prof Paul de Bruyn, *Jou enigste troos*, aan kerke beskikbaar gestel.	1.7 In the seventh newsletter, the Catechism statement of prof Paul de Bruyn, Your only consolation, made available to churches.
1.8 Nuusbrief 8 het die skakel na die klankopname van ‘n preek uit Nehemia 1 en 2 oor gebed en leierskap in die kerk bevat.	1.8 Newsletter 8 contained the link to the audio recording of a sermon from Nehemiah 1 and 2 about prayer and leadership in the church.
1.9 In Nuusbrief 9 is ‘n handleiding wat ds Awie Verhoef saamgestel het oor 33 dae van fokus, getitel *“Hier is ek, Heer! – wées die kerk!”,* beskikbaar gestel.	1.9 In Newsletter 9 is a manual that Rev. Awie Verhoef compiled over 33 days of focus, entitled “Here I am, Lord! – be the church!”, made available.
1.10 Die tiende nuusbrief het die webwerf Scriptura.co.za onder predikante se aandag gebring. Die webblad bestaan uit ’n blog-afdeling waar uiters aktuele sake op ‘n Skrifgetroue wyse bespreek word. Daar is ook ‘n afdeling “Radio Scriptura” waar daar na klankopnames van die bespreking van aktuele sake vanuit Bybelse perspektief geluister kan word. Verder is daar ook ‘n toerustingsafdeling met Skrif- en belydenisgetroue inhoud.	1.10 The tenth newsletter has the website Scriptura.co.za. brought to the attention of ministers. The website consists of a blog section where extremely topical matters are discussed in a scriptural manner. There is also a section “Radio Scriptura” where you can listen to audio recordings of the discussion of current affairs from a biblical perspective. Furthermore, there is also an equipment section with Scriptural and confessional content.
1.11 In die elfde nuusbrief is die nuwe Expando-logo bekendgestel, die geleentheid is aan vier gemeentes gebied om die NCD assessering gratis te laat doen en afslag op teologiese boeke by Cum Boek is bekend gestel.	1.11 In the eleventh newsletter, the new Expando logo was introduced, the opportunity was offered to four congregations to have the NCD assessment done for free and discounts on theological books at Cum Boek were introduced.
1.12 In Nuusbrief 12 is aandag gegee aan die Bybelse gesondheid van gesinne. Daar is deur dr Malan van Rhyn op die riglyne van Titus 2 oor gesonde gesinne gefokus. Die toerusting kan ook as preekriglyn gebruik word en sluit ‘n Bybelstudie oor die onderwerp in.	1.12 In Newsletter 12 attention was paid to the biblical health of families. Dr Malan van Rhyn focused on the guidelines of Titus 2 about healthy families. The equipment can also be used as a sermon guide and includes a Bible study on the subject.
1.13 Nuusbrief 13 is deur dr Attie Bogaards opgestel en handel oor: *’n Moderne, aktuele weergawe, parafrase, uitbreiding en verklaring van dele van die*	1.13 Newsletter 13 was written by dr Attie Bogaards and deals with: A modern, current version, paraphrase, expansion and explanation of parts of the Heidelberg

	Heidelbergse Kategismus na aanleiding van die omkeerstrategie-gesprek in die GKSA.		Catechism following the turn around strategy discussion in the GKSA.
1.14	Nuusbrief 14 sluit aan by Nuusbrief 12 en daarin fokus dr Malan van Rhyn op gesonde ouer-kind-verhoudings. In die nuusbrief word daar op die Vyfde Gebod gefokus, asook die voorbeeld wat Dawid gestel het in die opvoeding van sy kinders (2 Samuel 13) en op die Nuwe-Testamentiese riglyne vir kinderopvoeding. Dit sluit ook 'n Bybelstudie in.	1.14	Newsletter 14 joins Newsletter 12 and in it dr Malan van Rhyn focuses on healthy parent-child relationships. The newsletter focuses on the fifth commandment, as well as the example that David set in the education of his children (2 Samuel 13) and on the New Testament guidelines for child education. It also includes a Bible study.
1.15	Nuusbrief 15 bevat 'n riglyn vir Kerkrade (of die wyksouderling) om hulle in staat te stel om 'n ondersteunende gesprek met die leraar te voer. Die riglyn is deur dr Griffel van Wyk opgestel.	1.15	Newsletter 15 contains a guideline for Church Councils (or the ward elder) to enable them to have a supportive conversation with the pastor. The guideline was by dr Griffel van Wyk set up.
1.16	In Nuusbrief 16 is daar, in aansluiting by Nuusbriewe 12 en 14, deur dr Malan van Rhyn gefokus op Bybelse riglyne vir gesonde huwelike soos wat dit in die boek Spreuke belig word. Dit kan ook as 'n preekriglyn gebruik word en sluit ook 'n Bybelstudie in.	1.16	In Newsletter 16, in connection with Newsletters 12 and 14, dr Malan van Rhyn focused on biblical guidelines for healthy marriages as highlighted in the book Proverbs. It can also be used as a sermon guideline and also includes a Bible study.
1.17	Nuusbrief 17 bevat 'n preek van dr Malan van Rhyn oor Jakobus 5:7-11 en is gemik om moedeloosheid onder predikante en lidmate hok te slaan deur opnuut op die wederkoms van die Here Jesus te fokus. Die nuusbrief bevat ook die eksegese waarop die preek steun.	1.17	Newsletter 17 contains a sermon by dr Malan van Rhyn on James 5:7-11 and is aimed at curbing discouragement among ministers and members by focusing anew on the return of the Lord Jesus. The newsletter also contains the exegesis on which the sermon is based.
1.18	In Nuusbrief 18 is gepoog om bedienaars van die Woord te bemoedig vir hulle taak. In afdeling 1 van die Nuusbrief stel dr Malan van Rhyn die resultaat van sy navorsing oor die betekenis van die verskillende woorde wat vir die wederkoms gebruik word, beskikbaar om predikante tot nut wees in die verklaring van die Skrif. In afdeling 2 gee hy die Skrifgedeeltes weer wat spesifiek daarop gerig is om veral Woordbedienaars aan die hand van die wederkoms te bemoedig vir hulle taak en spel hy ook kortliks uit wat die bemoediging behels. In afdeling 3 verwys dr Van Rhyn na Skrifgedeeltes waarin die wederkoms van ons Here Jesus gebruik word as aanmoediging om te volhard met Woordverkondiging in moeilike omstandighede. In afdeling 4 is verwys na Skrifgedeeltes wat die wederkoms gebruik om gelowiges	1.18	In Newsletter 18 an attempt was made to encourage ministers of the Word for their task. In section 1 of the Newsletter, dr Malan van Rhyn makes available the result of his research into the meaning of the different words used for the second coming, to be of use to ministers in the explanation of the Scriptures. In section 2, he reproduces the Scripture passages that are specifically aimed at encouraging ministers of the Word in particular through the second coming for their task and he also briefly spells out what the encouragement entails. In section 3, dr Van Rhyn refers to passages of Scripture in which the return of our Lord Jesus is used as encouragement to persevere with preaching the Word in difficult circumstances. In section 4, reference was made to passages of Scripture that use the Second

aan te moedig om die Skrif lief te hê en reg te hanteer.	Coming to encourage believers to love and handle the Scriptures correctly.
1.19 Nuusbrief 19 is uitgestuur teen die agtergrond daarvan dat daar soms baie hoë eise aan baie van ons gemeentes, en daarom ook aan baie van ons predikante, gestel word. As Gereformeerdes neem ons ons toevlug tot die Here en raadpleeg ons sy Woord. Daarom het dr Van Rhyn 'n reeks van 8 preke uit Nehemia tot ons dominees se beskikking gestel. In Nehemia se tyd is daar hoë eise aan die volk van God en aan die volk se leiers gestel. In hierdie preekreeks word gefokus op die Here se leiding wanneer die kerk moeilike tye beleef. Klem word geplaas op hoe die Here sy kerk se leiers toerus, ook wanneer dit swaar gaan, sodat hulle die lidmate kan toerus om die kerk op te bou en uit te bou, selfs in beproewende omstandighede.	1.19 Newsletter 19 was sent out against the background of the fact that sometimes very high demands are made on many of our congregations, and therefore also on many of our ministers. As Reformed people, we take refuge in the Lord and consult his Word. That is why dr Van Rhyn made a series of 8 sermons from Nehemiah available to our pastors. In Nehemiah's time, high demands were placed on the people of God and on the people's leaders. In this sermon series, the focus is on the Lord's guidance when the church experiences difficult times. Emphasis is placed on how the Lord equips his church's leaders, even when the going gets tough, so that they can equip the members to build up and expand the church, even in trying circumstances.
1.20 In Nuusbrief 20 is 4 internet-toerustingspakkette, wat deur prof Naas Ferreira opgestel is, beskikbaar gestel aan die kerke. Die toerusting handel oor: Die Dordtse Leerreëls, die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en Ouderlingtoerusting. Die pakkette kan gebruik word om katkisante, lidmate en Kerkrade toe te rus. Dit is geskik om in groepe of individueel te doen. Die groepleier of katkisant / lidmaat / kerkraadslid klik net op die internetskakel en registreer gratis vir elkeen van die kursusse. Die toerusting is ook op die selfoontoepassing UDEMY beskikbaar waar al hierdie kursusse ook op slimfoon gedoen kan word. Daar is egter 'n werkboek wat by die internetskakel afgelaai kan/moet word. Hier is die betrokke skakels: https://www.udemy.com/dordtse-leerreels https://www.udemy.com/heidelbergse-kategismus https://www.udemy.com/nederlandse-geloofsbelydenis https://www.udemy.com/basiese-toerusting-vir-ouderlinge	1.20 In Newsletter 20 are 4 internet equipment packages, which were provided by prof Naas Ferreira was set up, made available to the churches. The equipment deals with: The Dordt Doctrine, the Heidelberg Catechism, the Dutch Confession of Faith and Elder equipment. The packages can be used to equip catechists, members and church councils. It is suitable for doing in groups or individually. The group leader or catechist / member / church councilor just clicks on the internet link and registers for each of the courses for free. The equipment is also available on the mobile phone application UDEMY where all these courses can also be done on smartphones. However, there is a workbook that can/should be downloaded from the internet link. Here are the relevant links: https://www.udemy.com/dordtse-leerreels https://www.udemy.com/heidelbergse-catechismus https://www.udemy.com/nederlandse-geloofsbelydenis https://www.udemy.com/basic-equipment-for-elderly
1.21 Nuusbrief 21 bevat 'n bekendstelling van *Scriptura*, 'n webwerf met 'n groeiende biblioteek van Gereformeerde artikels en dokumente (http://www.scriptura.co.za/). 'n Vertakking van *Scriptura* is die aktuele	1.21 Newsletter 21 contains an introduction to Scriptura, a website with a growing library of Reformed articles and documents (http://www.scriptura.co.za/). An offshoot of Scriptura is the topical podcasts, called

potsendings, genaamd "*Radio Scriptura*". Die webwerf word behartig deur di Marnix Boersema (red), Jaco de Beer, Gerhard van Rhyn, Jonker Venter en Jan-Louis Lee.	"Radio Scriptura". The website is managed by di Marnix Boersema (ed.), Jaco de Beer, Gerhard van Rhyn, Jonker Venter and Jan-Louis Lee.
1.22 Nuusbrief bevat 'n preek van dr Griffel van Wyk oor Deuteronomium 9:1-6 wat gelowiges aanmoedig om op die Heilige Gees te vertrou as ons kerkgroei wil aanwakker en het ten doel om 'n algemene gees van moedeloosheid teen te werk.	1.22 Newsletter contains a sermon by dr Griffel van Wyk on Deuteronomy 9:1-6 which encourages believers to trust in the Holy Spirit if we want to stimulate church growth and aims to counteract a general spirit of discouragement.
1.23 Nuusbrief 23 is die eerste in 'n reeks wat daarop gemik is om ouderling toe te rus. Dit bevat 5 Bybelstudies deur dr Malan van Rhyn met die volgende temas: 1. 'n Ouderling gee om 2. 'n Ouderling bly in die Here 3. 'n Ouderling wen mense vir Christus 4. Wat is 'n ouderling volgens 1 Timoteus 3:1-7? 5. 'n Ouderling fokus op sy eie geloofsgroei ook	1.23 Newsletter 23 is the first in a series aimed at equipping elders. It contains 5 Bible studies by dr Malan van Rhyn with the following themes: 1. An elder cares 2. An elder abides in the Lord 3. An elder wins people for Christ 4. What is an elder according to 1 Timothy 3:1-7? 5. An elder focuses on his own faith growth as well
1.24 Nuusbrief 24 is die tweede in die reeks wat op ouderlingtoerusting fokus en handel oor ware vryheid in Christus. Die volgende onderafdelings word behandel: 1. Die wêreld dink vryheid is losbandigheid 2. Alleen Jesus kan 'n mens waarlik vry maak 3. Ware vryheid is om aan Hom gebind te wees 4. Leef jy soos 'n slaaf? 5. Die Woord laat altyd iets gebeur!	1.24 Newsletter 24 is the second in the series that focuses on elder equipment and deals with true freedom in Christ. The following subsections are covered: 1. The world thinks freedom is debauchery 2. Only Jesus can truly set a person free 3. True freedom is to be bound to Him 4. Do you live like a slave? 5. The Word always makes something happen!
1.25 In Nuusbrief 25 gee dr Van Rhyn riglyne vir 'n Evangelisasiegesprek. In hierdie nuusbrief is daar 'n Bybelstudie en 'n preek wat gelowiges op die regte pad kan help hiermee.	1.25 In Newsletter 25, dr Van Rhyn gives guidelines for an Evangelism discussion. In this newsletter there is a Bible study and a sermon that can help believers on the right path with this.
1.26 Nuusbrief 26 is die derde in die reeks wat fokus op ouderlingtoerusting. Dit bevat 'n Bybelstudie deur dr Van Rhyn wat daarop gerig is om predikante, ouderlinge, maar ook lidmate te begelei om 'n gemeente-tema wat op kerkgroei fokus, te formuleer. Die Bybelstudie begelei ampsdraers en lidmate om na binne en na buite te werk.	1.26 Newsletter 26 is the third in the series focusing on elder gear. It contains a Bible study by dr Van Rhyn which is aimed at guiding pastors, elders, but also members to formulate a congregational theme that focuses on church growth. The Bible study guides office bearers and members to work inwardly and outwardly.
1.27 Nuusbrief 27 bevat Bybelse beginsels deur Ron Mann vir aanbidding (worship).	1.27 Newsletter 27 contains biblical principles for worship by Ron Mann.
1.28 In Nuusbrief 28 gee dr Van Rhyn toerusting oor gebed aan die hand van die volgende temas:	1.28 In Newsletter 28, dr Van Rhyn provides equipment on prayer based on the following themes:

1. Bid sonder ophou!
2. Die elemente van gebed
3. Die gesindheid waarmee ek bid
4. Die waarde van gebed
5. Bybelse voorskrifte vir gebed
6. Nadenke oor my gebedslewe

1.29 In Nuusbrief 29 fokus dr Van Rhyn daarop om predikante te bemoedig met die troos van Jesaja 49:1-6.

1.30 Nuusbrief 30 vestig die aandag op die ontstaan van GloMediaTV en die geleenthede wat dit aan predikante en gemeentes bied.

1.31 Inligtingstukke oor die volgende is aan predikante gestuur tydens 2021-22

- Die werk van die diaken
- Pastorale bediening aan Narsistiese persone
- Evaluering van die "Journey kursus" vir hulp aan mense wat aan oa, pornografie verslaaf is.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.31 kennis geneem.

2. Toerustingsgeleenthede

2.1 In Oktober 2017 is daar 'n geslaagde konferensie oor kerkgroei in Pretoria aangebied en die terugvoer was baie positief. Dr Malan van Rhyn het 'n aanbieding gedoen oor die impak van jou wederkomsverwagting op kerkgroei. Dr Griffel van Wyk het gepraat oor Geld en Kerkgroei: Wat is nodig en wat is nie nodig nie? Prof Stephan Joubert het gepraat oor: Só moet gemeentes en lidmate lyk om te kan groei.

2.2 Die GK Pretoria-Annlin is in 2018 ondersteun in twee toerustingsgeleenthede waarin dr Ed Gross opleiding verskaf het in Nuwe-Testamentiese dissipelskap.

2.3 Op 8 September 2018 het dr Van Rhyn 'n toerustingsgeleentheid in Bloemfontein aangebied waarheen predikante, Kerkrade en lidmate van die omgewing uitgenooi is, met die tema: *Geloof en wederkoms!* Die eerste sessie het gehandel oor: *Om op die Here te wag, versterk jou geloof* en die tweede oor: *Om op die Here te wag, laat jou jou geloof kragtig uitleef.*

2.4 Op 3 November 2019 het dr Griffel van Wyk 'n werkswinkel aangebied vir die kerke in Klassis Krokodilrivier en omgewing. Die drie temas was: *Die*

1 Pray without ceasing!
2 The elements of prayer
3 The attitude with which I pray
4 The value of prayer
5 Biblical prescriptions for prayer
6 Reflections on my prayer life

1.29 In Newsletter 29, dr Van Rhyn focuses on encouraging ministers with the comfort of Isaiah 49:1-6.

1.30 Newsletter 30 draws attention to the creation of GloMediaTV and the opportunities it offers to pastors and congregations.

1.31 Information sheets on the following were sent to ministers during 2021-22

• The work of the deacon
• Pastoral ministry to Narcissistic persons
• Evaluation of the "Journey course" for help to people who are addicted to, among other things, pornography.

Decision: Points 1.1 to 1.31 noted.

2. Equipment opportunities

2.1 In October 2017, a successful conference on church growth was presented in Pretoria and the feedback was very positive. Dr Malan van Rhyn gave a presentation on the impact of your second coming expectation on church growth. Dr Griffel van Wyk spoke about Money and Church Growth: What is necessary and what is not necessary? Prof Stephan Joubert spoke about: This is what congregations and members need to look like in order to grow.

2.2 In 2018, the GK Pretoria-Annlin was supported in two equipment events in which dr Ed Gross provided training in New Testament discipleship.

2.3 On 8 September 2018, dr Van Rhyn presented an equipping event in Bloemfontein to which pastors, church councils and members of the area were invited, with the theme: Faith and second coming! The first session was about: Waiting on the Lord strengthens your faith and the second about: Waiting on the Lord lets you live out your faith powerfully.

2.4 On 3 November 2019, dr Griffel van Wyk offered a workshop for the churches in Classis Krokodilrivier and surroundings. The three themes were: The Holy Spirit, faith and

Heilige Gees, geloofsvertroue en groei; Die Klassis as groter groeiliggaam en *'n Gemeentegroei proses.*	growth; The Classis as a larger growth body and a Congregational growth process.
2.5 Tydens die COVID-pandemie is in Augustus 2021 'n virtuele konferensie met 'n reeks van drie sessie gehou oor verlies. Dit is gelei deur prof Gert Breed wat ander kundiges betrek het. Ongeveer 20 predikante en ook ander lidmate het deelgeneem.	2.5 During the COVID pandemic, a virtual conference with a series of three sessions on loss was held in August 2021. It was led by prof Gert Breed who involved other experts. About 20 ministers and also other members participated.
2.6 Opvolgkonferensies is gehou op 16, 23 en 30 Augustus 2021 wat verdere aspekte van verlies aangespreek het.	2.6 Follow-up conferences were held on 16, 23 and 30 August 2021 which addressed further aspects of loss.
2.7 Verskeie Kommissies is saamgestel uit predikante van die GKSA om modules vir ouderlinge toerusting uit te werk. Expando het nou saamgewerk met die bepaalde Deputate. Die eerste module is in Afrikaans en twee maal in Engels aangebied (kyk Rapport oor ouderlinge toerusting).	2.7 Various Commissions have been composed of ministers from the GKSA to work out modules for elder equipment. Expando worked closely with the particular deputies. The first module was presented in Afrikaans and twice in English (see Report on elders' equipment).
2.8 Skakeling met Klassisse: Daar is oor verskeie sake met die Korresponderende Kerkrade (predikante) geskakel en saamgewerk.	2.8 Liaison with Classes: The corresponding Church Councils (ministers) were contacted and collaborated on various matters.
2.9 In samewerking met Begrond en verskeie predikante wat betrokke is by Koningskinderskampe word 'n uitgebreide handleiding geskryf wat gemeentes begelei in die detail beplanning van 'n Koningskindersprojek en kampe asook die nasorg.	2.9 In collaboration with Begrond and several ministers involved in "Konings Kinders" camps, an extensive manual is written that guides congregations in the detailed planning of a Konings Kinders project and camps as well as the aftercare.
2.10 'n Beraad oor plattelandse bediening is gehou om die huidige situasie vas te stel, waar predikante en ander belangstellendes oor die nood van die kerke op die platteland kon saampraat. Sowat 40 gemeentes het deelgeneem.	2.10 A summit on rural ministry was held to determine the current situation, where ministers and other interested parties could discuss the need of the churches in the countryside. About 40 congregations participated.
2.11 'n Opvolgberaad is gehou wat gerig was op die vind van geleenthede en oplossings. Hieruit het 'n werkgroep voortgespruit wat tans aan die werk is om 'n moontlikhede vir die bediening op die platteland te ondersoek en aan die gemeentes te verskaf. Die volgende onderwerpe ontvan aandag: • Elektroniese bediening olv dr Jannie Erasmus • Kombinasiebediening olv di Ruan Steyn en Dirk de Bruyn • Hulpdiens deur emeriti olv ds Jan van der Walt • Tentmakerbediening olv dr Christiaan Jooste	2.11 A follow-up summit was held which was aimed at finding opportunities and solutions. This resulted in a working group which is currently working to investigate possibilities for ministry in the countryside and provide them to the congregations. The following topics receive attention: • Electronic ministry led by dr Jannie Erasmus • Combination ministry led by Revs. Ruan Steyn and Dirk de Bruyn • Help service by emeriti leader Rev. Jan van der Walt • Tentmaker ministry led by dr Christiaan Jooste

• Samewerking tussen verskillende denominasies olv dr Fanie Swanepoel • Hulpdiens deur proponente olv ds Ockie Struwig Teen die tyd van die Sinode behoort baie van die materiaal beskikbaar te wees.	• Cooperation between different denominations led by dr Fanie Swanepoel • Support service by proponents led by Rev. Ockie Struwig By the time of the Synod, much of the material should be available.
2.12 ‘n Geleentheid oor geloofsgroei word beplan vir 23 Jan 2023 gemik op bemoediging en versterking van predikante.	2.12 An event on faith growth is planned for 23 Jan 2023 aimed at encouraging and strengthening ministers.
2.13 Internetplatform: ‘n Internetplatform word ontwikkel waar Gereformeerde toerustingsmateriaal en kursusse byeengebring word vir Kerkrade en gemeentes as ‘n een stop plek waar hulle kan soek wat hulle nodig het. Hierdie platform beoog om skakels te hê na gemeentes se opgeneemde preke, dagstukkies en ander materiaal, Dit wil ook ruimte vir kleiner gemeentes om hulle webbladsye te vestig verskaf. Die gawes in die kerkverband en elders sal ontgin word om voortdurend nuwe Gereformeerde materiaal te voorsien. Skakels na die materiaal van ander Gereformeerde kerke sal ook geplaas word. Die webblad bied baie moontlikhede en die gedagte is dat dit in verskillende fases ontwikkel word soos finansies dit toelaat. ‘n Borg vir die ontwikkeling tot hier is verkry, ons dank aan die lidmaat wat voorsien het.	2.13 Internet platform: An Internet platform is being developed where Reformed equipment materials and courses are brought together for church councils and congregations as a one stop place where they can search for what they need. This platform intends to have links to congregations' recorded sermons, da and otheyly devotionsr materials, It also can give space for smaller congregations to establish their web pages. The gifts in the church context and elsewhere will be exploited to constantly provide new reformed material. Links to material from other Reformed churches will also be posted. The website offers many possibilities and the idea is that it will be developed in different phases as finances allow. A sponsor for the development up to here has been obtained, our thanks to the member who provided.
2.14 Kerkplant: Onder leiding van Expando het GK Pretoria-Wes ‘n ooreenkoms met proponent David Letebele gesluit om daar te kom bedien met die oog op kerkplanting. Daar is reeds vrug op sy arbeid.	2.14 Church planting: Under the leadership of Expando, GK Pretoria-Wes signed an agreement with proponent David Letebele to come and minister there with a view to church planting. His labor is already bearing fruit.
2.15 Bediening in informele nedersttings: Verskeie toerustingsgeleenthede is gehou met predikante in informele nedersettings.	2.15 Ministry in informal settlements: Several equipping events were held with pastors in informal settlements.
2.16 Fasiliteerders vir begeleiding van gemeentes met die oog op kekrgroei: Twaalf predikante is opgelei om as fasiliteerders te dien. Expando het verskeie bronne benut om ‘n groeiproses vir die gemeentes te kan aanbied. Verskeie gemeentes word tans deur hierdie fasiliteerders begelei met die oog op kerkgroei in die bepaalde gemeentes. Die fasiliteerders vergader gereeld met die oog op toerusting vir hulle,	2.16 Facilitators for accompanying congregations with a view to church growth: Twelve ministers were trained to serve as facilitators. Expando utilized various sources to be able to offer a growth process for the congregations. Several congregations are currently being guided by these facilitators with a view to church growth in the particular congregations. The facilitators meet regularly with a view to equipment for them, reporting and consultation and encouragement.

rapportering en raadpleging en bemoediging.	
2.17 Samesprekings met Kuratore: Samesprekings is met Kuratore gevoer met die oog op die samewerking tussen Expando en die te stigte GTA.	2.17 Discussions with Curators: Discussions were held with Curators with a view to the cooperation between Expando and the RTA to be established.
2.18 By elke Kuratorevergadering het 'n Rapport van Expando gedien.	2.18 A Report from Expando was served at each Curators meeting.
2.19 Die direkteur van Expando het by verskeie gemeentes opgetree en werkswinkels aangbeied. Hy begelei op die oomblik 4 gemeentes om hulle bediening te herstruktureer.	2.19 The director of Expando (G Breed) performed at several congregations and presented workshops. He is currently guiding 4 congregations to restructure their ministry.
2.20 Verskeie kursusse wat deur gemeentes gebruik kan word vir toerusting van lidmate is deur die direkteur ontwikkel: • Basiese pastorale berading • Die taak en gesag van die ouderling • Gemeentebediening vanuit die indikatief van God se genade • Identiteitsgerigte pastoraat (identiteit in Christus) • Beginsels vir kinder en jeugbediening • Kategese volgens die Woord van God • Die gemeente as bedienaars van God se genade Hierdie kursusse sal op die nuwe internetplatform (kyk 2.13 hierbo) beskikbaar gestel word.	2.20 Various courses that can be used by congregations for equipping members have been developed by the director: • Basic pastoral counseling • The task and authority of the elder • Congregation ministry from the indicative of God's grace • Identity-oriented pastorate (identity in Christ) • Principles for children and youth ministry • Catechesis according to the Word of God • The congregation as ministers of God's grace These courses will be made available on the new internet platform (see 2.13 above).
2.21 Verskeie predikante is ook genader om kursusse wat hulle aanbied op te neem en beskikbaar te maak.	2.21 Several ministers were also approached to record courses they offer and make them available.
2.22 Prof Lekgetho Moretsi het onderneem om toerustingskursusse wat hy in kerke aanbied op te neem en beskikbaar te maak.	2.22 Prof Lekgetho Moretsi has undertaken to record and make available equipment courses he offers in churches.
2.23 Op hierdie wyse sal die toerustingsmateriaal aangevul word ook deur professore. Prof Jorrie Jordaan het reeds sy oorsig oor die NT opgeneem (in samewerking met die TSV).	2.23 In this way, the equipment material will also be supplemented by professors. Prof Jorrie Jordaan has already recorded his overview of the NT (in collaboration with the TSV).
2.24 Die direkteur van Expando het aan verskeie predikante pastorale begeleiding gegee in die afgelope twee jaar.	2.24 The director of Expando has given several pastors pastoral guidance in the past two years.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.24 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.24 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode moet besluit In gevolge die Rapport word aanbeveel dat: Bykomend by die opdragte van die vorige Sinode:	**3. Matters that the Synod decides on** As a result of the Report it is recommended that: In addition to the assignments of the previous Synod:

3.1 “Kerke word versoek om vrywillige kollektes te oorweeg en die doel daarvan aan die lidmate toe te lig” (vgl Sinode 2018).	3.1 “Churches are requested to consider voluntary collections and explain their purpose to the members” (cf. Synod 2018).
3.2 Dat predikante pastoraal versorg word op hulle aanvraag en deur seminare.	3.2 That pastors are cared for pastorally at their request and through seminars.
3.3 Dat kerke op aanvraag begelei word tot herbeplanning van die gemeente-bediening.	3.3 That churches are guided on request to replan the congregation ministry.
3.4 Die voortdurende ontwikkeling en instandhouding van ‘n digitale platform vir Gereformeerde toerustingsmateriaal (vgl Sinode 2018, 27.5 Deputate kerkgroeibediening – webblad).	3.4 The continuous development and maintenance of a digital platform for reformed equipment material. (cf. Synod 2018, 27.5 Deputies church ministry website).
3.5 Dat tersaaklike dele van Expando se opdrag in samewerking met die te stigte GTA uitgevoer word.	3.5 That relevant parts of Expando's assignment are carried out in collaboration with the CTA to be established.
3.6 Dat Klassisse versoek word om kerkgroeideputate aan te wys wat met Expando saam kan werk.	3.6 That Classes are requested to appoint church growth deputies who can work together with Expando.
Besluit: Punte 3.1 tot 3.7 goedgekeur.	**Decision: Points 3.1 to 3.7 approved.**